

22 Februarie

Skrifgedeelte: Rigters 21
Fokusgedeelte: Rigters 21:25

Eiewilligheid bring geen uitkoms

Hier het ons te doen met nog 'n tragiese hoofstuk uit die geskiedenis van Israel waarin eiewilligheid die hoofrol speel. Nog steeds ontbreek daar 'n koning wat die volk in die weë van Here kan lei en elkeen doen wat hy wil. As Israel dan uit weerwraak byna die hele stam Benjamin uitroei en net 600 man laat oorbly, pluk hulle die wrange vrugte van hulle eiewilligheid. Daar is droefheid (vs 2), selfverwyt (vs 6), moord (vs 10-12), menseroof (vs 20) en leuens (vs 22). In die geheel gesien het hulle eiewilligheid gelei tot 'n ellendige toestand.

Dit is die tragiese verhaal wat hom vandag nog in die wêreld afspeel waar elkeen maar doen wat hy wil. Die koerante en nuusmedia is vol van die ellende daarvan en die uiteindelijke gevolg daarvan is die ewige dood.

Daar word rondgeskarrel om allerhande oplossings te soek vir die nood wat daar heers. Maar die wêreld word nie 'n beter plek waar die mens op 'n eiewillige manier oplossings probeer soek nie. Dink maar aan baie van die patetiese veldtogte om die vigs-pandemie te probeer bestry. Alles behalwe die regte uitkoms, naamlik om sedelik te leef, word gepropageer. Die gevolg is dat die pandemie en ellende net verder versprei.

Teenoor hierdie en ander tragiese verhale in die wêreldgeskiedenis, is daar 'n blye boodskap. Die boodskap is dat daar wel uitkoms is uit die nood waarin die wêreld verkeer. Daar het uitkoms gekom toe Jesus Christus nuwe lewe gebring het. Daar het redding, seën, vreugde, vrede en lewe tot in ewigheid vir God se kinders gekom. 'n Lewe waarin nie eiewilligheid nie, maar gewilligheid om die Here te dien, die hoofrol speel. Uit genade hoef ons nie meer sonder lig en leiding rond te skarrel en in groter ellende te beland nie. Jesus Christus het gewillig aan die kruis, ons van ons sondes, ook van die van eiewilligheid en van die heerskappy van die duiwel, verlos. Deur die krag van die Heilige Gees rus Hy ons toe om nou gewillig teen die sonde en die duiwel te stry en te oorwin.

Hy versterk en lei ons deur sy Woord en Gees om Hom gewillig te volg. Sal ons dan nie luister en lewe nie?

Sing: Psalm 89:6 (Totius)

Ds JB du Plessis (Grootfontein/Tsumeb)